# Ons taak in die wêreld

1 Timoteus 2:1-7

AANSLUITING:
Ons het verlede Sondag weer daarop gewys dat my godsdiens nie net 'n saak is *tussen my en die Here* nie. 'n Mens se geloof raak nie net jou *binnekamer en jou privaatlewe* nie. Ons het toe aandag gegee aan ons verantwoordelikheid teenoor die **verlore skape**. Dit is mense wat vroeër deel was van die kerk, maar afgedwaal het. **Vanoggend** wil ons aandag gee aan *nog 'n ander* verantwoordelikheid wat ons as christene het. Dit is naamlik ons roeping in die **openbare lewe.** Met **Erfenisdag** op hande, is dit dalk goed om te vra: Watter erfenis gaan ons vir ons nageslag nalaat? Ons het almal **stemreg**, maar gebruik ons ons stem ***reg***?
Ons lees in vers 1 wat ons *heel eerste* met ons stem behoort te doen: (<u>lees vers1</u>)

1. **Ons eerste verantwoordelikheid in die wêreld: Bid**

Ons *eerste* en *vernaamste* verantwoordelikheid is **om te bid** vir alle mense. Alle mense beteken nie persoon-vir-persoon nie, maar ***alle soorte*** mense, alle kategorieë.
***<u>Voorbeeld van die hand se vingers</u>***:
Duim – naasbestaandes
Wysvinger – onderrigters
Middelvinger – gesagdraers
Ringvinger – swakkes
Pinkie – myself

2. **Hoe** bid ons vir die wêreld?

<u>Lees vers 1</u>
**Smeking** – ek lê my versoeke aan die Here voor.
**Voorbidding** – ek bid vir ander (soos wat Jesus en die Heilige Gees vir ons voorbidding doen by die Vader).
**Danksegging _** Laat ons dit nooit vergeet nie.

In Wes Afrika is daar 'n bessie ("Richardella dulcifica") wat bekend staan as die **smaakbessie** of die wonder vrug! Die rede?
Dit verander 'n persoon se smaak sodat alles wat jy eet soet en aangenaam proe. Selfs suur goed soos suurlemoen en asyn, proe aangenaam tot 30-60 minute nadat jy net een van hierdie smaak bessies geëet het!
*Lof en dank is die "smaakbessies" van Christenskap*. Paulus stel voor dat ons danksegging sal doen wat natuurlik lofprysing insluit. Die verskil tussen danksegging en lofprysing is dat jy God loof vir Wie Hy <u>is</u> en Hom dank vir wat Hy <u>doen</u>! Hierdie "smaak bessies" help jou om in alle tye te fokus op God .

3. Ons gebede is vir ALLE mense

Let op die klem op <u>alle</u> en <u>almal</u> in vers 1, 4 en 6 … (lees)
Die woord "alle" staan in die Grieks sonder lidwoord en beteken *"alle mense sonder onderskeid"*. God wil nie slegs dat mense van lae stand salig word nie, maar *alle kategorieë van mense*, sonder onderskeid van rang, geboorte, stand en posisie (vergelyk Rom 1:16; 1 Kor 12:13; Gal 3:28). Daarom moet daar ook sonder onderskeid vir alle kategorieë mense **gebid** word. Ons mag ook nie in ons gebede teen sommige groepe *diskrimineer* nie.

Paulus verwys spesifiek na die wat **regeer** en wat **gesag uitoefen**. Ons moet hulle veral nie vergeet nie, want hulle is die mense wat die meeste *invloed* het, wat die *rigting* aandui.
Die **Romeine** was op daardie stadium aan die bewind. Hulle was die Christene glad nie goedgesind nie. **Nogtans** word die gemeente opgeroep om vir die owerhede te bid. Hulle moenie dink *"Ag, hulle sal tog nooit verander nie!"* Hulle kan tot bekering kom, hulle kan anders besluit en optree en daarvoor mag gebid word. (Konstantyn 312 nC)
Geliefdes, ons moet ook bid vir die regering, of ons nou 'n ANC of 'n DP ondersteuner is of nie. Bid vir bekerings dat die christene hulle soos volgelinge van Christus sal gedra. Bid ook vir wysheid en integriteit, eerlikheid, hardwerkendheid, dat hulle 'n goeie voorbeeld sal stel, vir hul veiligheid. Gebed soek na die beste vir almal, dat almal in die regte verhouding met God sal leef en sal doen soos wat God bedoel het.

Ons moet bid vir alle soorte mense, want **God wil hê** dat ALLE soorte mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. En **"die waarheid"** is dat Jesus sy lewe as 'n losprys vir ALMAL gegee het en dat daar vir alle soorte mense redding is, maar dat hulle <u>*in Hom*</u> moet glo. Hy is die **enigste** wat kan red.

4. Die **oogmerk** met die gebed.

Die rede waarom ons so moet bid, word aangegee as *"sodat ons 'n rustig en stil lewe kan lei…"* (:2) Dit is die soort lewe wat oorspronklik in **Eden** gegeld het. Deur die sonde is alles **versteur**. Die mooi verhouding wat daar tussen God en mens en natuur bestaan het, is bederf. Ons gebede is daarop gemik dat daardie verhoudinge weer **herste**l sal word. Soos ons **gemeentevisie** ook sê: *"Herstel Eden deur die krag van Jesus."* Hoekom?
Sodat ons *"in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid"* kan lewe. Ons weet wat *toewyding aan God* beteken. *Eerbaarheid* beteken verantwoordelike en onberispelike gedrag teenoor ons medemens.
**Gebed kan 'n groot verskil maak**.

Daar was 'n klein dorpie wat van sy begin tye af "droog" was, totdat 'n plaaslike besigheidsman besluit het om 'n kroeg oop te maak. 'n Groep Christene wat besorg was oor hierdie situasie het 'n deurnag bid-sessie gereël waarin hulle God wou vra om in te tree. Kort daarna het 'n weerligstraal die kroeg getref en dit tot op die grond toe afgebrand. Die kroegeienaar het die kerk gedagvaar omdat hulle gebede vir die brand verantwoordelik was, maar die kerk het 'n prokureur gehuur om die dagvaarding teen te staan. Die landdros wat oor die saak moes besluit, het ná die openings argumente gesê: "Dit maak nie saak wat die afloop van hierdie saak is nie, oor een ding is daar geen twyfel nie. Die kroegeienaar glo in gebed en die Christene nie!" Soms is dit so!

5. **Ons is self ook Instrumente** van ons gebede.

<u>Lees vers 1</u> …
Hier staan dat om te bid ons **eerste verantwoordelikheid** is. Ons moet dit *nie oorslaan of geringskat* nie. Maar ons verantwoordelikheid **eindig nie** daar nie. Ons kan verwag dat God ons as bidders ook as **instrumente** sal wil gebruik in die beantwoording van die gebede. Want **ons is gered om** 'n *seën* vir die hele skepping te wees en om God se *instrumente* op elke terrein van die lewe te wees.

**Die Premier** het Sondagaand by die Ringskonferensie gewys op waar sy dink die kerk 'n bydrae kan lewer in die samelewing. Sy het **drie goed** genoem: *Om ekonomiese en morele waardes te help behou; om na mense se geestelike welstand om te sien; om naasteliefde uit te lewe.* Dit sluit meer in as net om daarvoor te BID! Ons het mekaar by die **Ringsitting** ook herinner dat ons *gestuurde gemeentes is*. 'n Gestuurde gemeente stuur nie net **sendelinge** soos Chrisma uit nie, maar *al die lidmate* is uitgestuurdes daar waar hulle is. Die gemeente is self 'n **sendingpos**, soos ds Verreyne die ander dag gesê het: <u>Elke huis is 'n sendingstasie</u>. 'n Gestuurde gemeente is nie **ingestel op** sy eie oorlewing nie, maar op die redding van die wêreld – ver en naby. Die kerkraad en lidmate **se fokus** is nie hoe kan ons die gemeente beter **be-dien** nie, maar waar wil die Here hê moet ons ***dien***? **Die vraag** wat ons gedurig moet vra, is: *Waar is God in die wêreld besig en hoe kan ons daarby inval?* Dit is ook **meer as** om net daarvoor te bid.

SLOT
By God het selfs die **kindertjies stemreg**! As ons ons **stem reg** wil gebruik, sal dit in die eerste plek beteken dat ons met daardie stem vir die gesagdraers sal moet bid.

**Max Lucado**:
"Wil jy weet hoe om jou gebedslewe te verdiep?
Bid.
Moenie voorberei om te bid nie.
Bid net.
Moenie lang boeke oor gebed lees nie.
Bid net.
Moenie 'n kursus oor gebed bywoon oor 'hoe 'n mens beter bid' nie;
Dis nie eens nodig om lang diskussie oor gebed te voer nie.
Bid maar net."

As ons regtig besorg is oor ons **erfenis**, sal ons inval by dit waarmee God besig is.

Op hierdie manier sal Constantiagemeente ook help sodat die Christene in ons land 'n verskil kan maak!

Amen.